**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**JUNIE 2016**

**EKSAMEN**

**GRAAD 11**

**PUNTE : 70**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit *10* bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit twee afdelings :

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | KORTVERHALE | (35) |
| AFDELING B: | GEDIGTE | (35) |

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE!!!***

AFDELING A: KORTVERHALE

Beantwoord AL die vrae wat volg.

Vraag 1: Geen ander uitweg (Jack Byrne)

***Die begrafnis was lank. Lindsey was moeg, maar terselfdertyd opgewonde. Hulle het hom doodgemaak en niemand weet dit nie. Hulle is ryk, ryk, ryk!***

***Sy tik verskeie toetse op die toetsbord teen die muur, die ligte gaan aan, die verwarmer word aangeskakel en die warm lug blaas oor hulle.***

1.1 **Lindsey was een van die hoofkarakters in hierdie verhaal.**

1.1.1 Met wie was sy getroud? Gee die persoon se naam en van. 1
1.1.2 Met wie het sy 'n verhouding gehad? Gee die persoon se naam en van. 1

1.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die letter neer.

**Lindsey se man was briljant met ____.**

A. Rekenaar speletjies.
B. Elektroniese apparate.
C. Spesiale kodes.
D. Televisie programme. 1

1.3 Pas die stellings in KOLOM B by die woorde in KOLOM A. Skryf net die nommer en letter neer as antwoord.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Jonathan | A. Bewys dat hy òf nog leef òf gesterf het. |
| 1.3.2 Lindsey | B. Sou oor ses maande sterf. |
| 1.3.3 Beveiligde inbelprogram | C. Bevat die wapens wat hulle moes gebruik. |
| 1.3.4 Twee pakkies | D. Sy was 'n fortuinsoeker. |

4

1.4 Hoekom het Jonathan net ses maande oor gehad om te leef? 1

1.5 Hoekom sou Lindsey en Doug nie meer saam kon wees nie? 1

[9]

<u>Vraag 2:</u> <u>Eenrigtingkaartjie</u> (John M. Floyd)

***... sy en Mary Lou is vir die afgelope twee jaar kamermaats. Mary Lou Foster aarsel en kyk op van haar pakkery. "Ek moet, Annie," sê sy eenvoudig. "Jy weet dit." "Jy hoef nie," sê Annie Hopkins, sonder om na haar te kyk. "Ek bedoel, jy kan mos ... wel, die kaartjie weggooi?" "Of verkoop dit." Annie draai na die venster en haar gesig verhelder. "Ja, dis 'n plan, verkoop dit. Daar's nog tyd."***

***Maar Mary Lou kyk na haar en bly stil. "Ek wil dit nie verkoop nie, Annie," sê sy sag. "Ek wil dit gebruik. Ons het dit al 'n dosyn keer bespreek."***

2.1 Sê waarom die volgende stelling **onwaar** is:

**Mary Lou gaan op 'n vakansie.** 1

2.2 Hoeveel geld was hierdie "kaartjie" werd? 1

2.3 Hoe het Mary Lou hierdie kaartjie gekry? 1

2.4 **Mary Lou was baie gelukkig.**

Noem een insident in Mary Lou se lewe wat bogenoemde stelling sal bewys.
(Nie die kaartjie wat sy gewen het nie!) 1

2.5 Watter kombuisitem het Mary Lou se lewe gered? 1

2.6 Watter twee tipe wapens het die aanvaller teen Mary Lou gebruik? 2

2.7 **Mary Lou was laat vir haar vervoer.**

Wat was haar vervoer? 1

2.8 Mary Lou het aan die einde van die verhaal nie gedink dat sy gelukkig was nie.
Hoe weet ons dat sy eintlik baie gelukkig was? 1
[9]

<u>Vraag 3:</u> <u>Bottervisse in die jêm</u> (Deon Meyer)

***"Wie is jy?" vra ek met 'n stemtoon wat hom moet laat verstaan ek hou niks van kinders nie.***

***"Ek is Buks Barnard, ek woon daar in Dolce Vita vier-een-ses en ek is soveel," sê hy sy rympie met vier vuil vingertjies in die lug, onbeïndruk deur my stemtoon. Hy stap die vertrek binne, hande weer in die sakke, oë wat ongewaste koffiebekers, verfblikke en buise, kwaste, voltooide en halfvoltooide skilderye en potloodsketse op die tafels en vloer ondersoek.***
***"Wat is jou naam?" vra hy reguit.***
***"Wat is OOM se naam."***
***"My ma sê as sy 'n broer gehad het, sou ek 'n oom gehad het."***
***Touché. Maar voor ek kan probeer om die oorhand te herwin (het ek dit ooit gehad?), vra hy, met sy oog op die skildery. "Is jy 'n skuldenaar?"***
***"'n Skilder."***
***"Hoekom is al die mense so kwaad?" ....***

3.1 Wat het in Christo se lewe gebeur dat hy dink "die lewe is pyn" en dat die mense in sy skilderye vir Buks lyk asof hulle kwaad is? 1

3.2 **"Daar is bottervisse in jou jêm." Hy sê dit respekvol.**

3.2.1 Wat beteken dit as daar "bottervisse" in jou "jêm" is? 1

3.2.2 Hoekom sê Buks hierdie stelling met soveel respek? 1

3.3 Voltooi die volgende sinne deur woorde uit die woordblok te gebruik. Skryf net die nommer en woord neer.

| | | |
|---|---|---|
| prokureursklerk | pre-Christine periode | Skottelgoedvrou |
| rekenmeesteres | pre-Chantal periode | Wasgoedvrou |
| tandheelkundige | post-Christo periode | Skoonmaakvrou |

**Monica werk as 'n (i)___. Sy besit een van Christo se (ii)___ skilderye. Die naam van die skildery is (iii)___.** 3

3.4 Wat het Buks vir Christo gebring om hom "weer sag en mooi van binne" te maak? Wees spesifiek. 1

3.5 Volgens Buks kan sy ma alles doen behalwe een ding. Wat was daardie "ding"? 1

3.6 Watter bewys was daar (wat Christo vir Buks weggesteek het) dat Christo weer geluk in sy lewe gevind het? 1

[9]

<u>Vraag 4: Die beach</u> (Lindsay King)

***Dog ek toe by myself: As hý kan, kan ek ook. En sak en pak, met kombers, strandsambreel en 'n arm vol boeke, begin ek – honneurstudentjie van die struggle – my tog, want wie sal anyway op Klein Saterdag worry as ek my colour in die whities se see wil gaan afwas?***

***Maar daai gevoel van "Wat gaan gebeur as die pote my hier vang?" maal aanvanklik in my agterkop, en eers later, toe 'n paar honger meeue my met hulle passies vermaak, vergeet ek dat ek oortree. Wonderlik, dink ek by myself, daar's g'n siel in sig nie en ek sal maklik sommer twee stukke van my Duitse literatuur kan af-polish. Ek slaan my eerste boek oop.***

4.1 **Die spreker sê: "... vergeet ek dat ek oortree.**

4.1.1 Waar is die spreker wanneer hy oortree? 1

4.1.2 Hoekom sê hy, hy "oortree"? 1

4.1.3 In watter tydperk in Suid-Afrika se geskiedenis, speel hierdie storie af? 1

4.2 Wat het die klein rooikop seuntjie die eerste keer vir die spreker kom sê? 1

4.3 In watter taal het die spreker met die seuntjie en sy ma gepraat? 1

4.4 Wat het die vrou gedoen om te wys die spreker is baie welkom hier? 1

4.5 Waarmee vergelyk die spreker die klein seuntjie? 1

4.6 In watter taal het die spreker met die vrou gepraat toe hy die glas teruggee? 1
[8]

**TOTAAL: [35]**

<u>AFDELING B: GEDIGTE</u>

Beantwoord AL die vrae wat volg.

<u>Vraag 1: Nag in Kentucky Fried Chicken</u> (André Letoit)

Nag in Kentucky Fried Chicken
(*ek laat jou agter* )

Om ‘n geslaagde selfmoord te beplan
Is selfs nog moeiliker as ‘n kinderpartytjie.
Ek is nie goed met afskeidnotas nie
En boonop kan ek nie
Aan ‘n goeie rede dink nie.
Ek is nie verveeld nie
Ek voel nie depressief nie
Die lewe is nie sinloos nie
Ek het nie eers ‘n meisie
Wat my kan verwerp nie.
Ek het vrede met die maatskappy
Ek groet polisiemanne in die verbygaan.
Ek is normaal wanaangepas.
Niemand haat my nie.
Ek het geen dringende armykampe nie.
My sekslewe is gevarieerd en redelik opwindend
Maar

Ek wil nooit weer die WP sien verloor nie

*André Letoit*

1.1 Watter rugbyspan word deur die spreker in die gedig ondersteun? 1

1.2 Watter tipe brief skryf die spreker? 1

1.3 Stem jy saam met die spreker as hy sê hy het nie eintlik ‘n goeie rede om selfmoord te pleeg nie? Hoekom? 1

1.4 Hoekom voel die spreker bly dat hy nie ‘n nooi het nie? 1

1.5 Haal een versreël aan wat bewys dat die spreker ‘n werk het. 1

1.6 Hoekom groet die spreker die polisie as hy by hulle verbyry? 1

1.7 **"Ek is normaal wanaangepas"**

Watter tipe beeldspraak word in die bogenoemde uittreksel gebruik? 1

1.8 Haal een woord aan wat bewys dat hierdie gedig voor 1994 geskryf is. 1
[8]

<u>Vraag 2: Die wêreld het so klein geword</u> (Alta Marincowitz)

*Die wêreld het so klein geword*

*Toe my ouma 'n kind was, speel speel hulle op die wye vlakte,*
*deel granate in die boord,*
*lees boeke in hulle soeke na kennis*
*en klets met maats as die foun twee kortes en drie langes lui.*

*As kind bly my ma op 'n ruim erf*
*met 'n grasperk en twee bome,*
*sit sy vasgenael voor die kassie –*
*vol drome om eendag oor die wye wêreld te swerf.*
*Sy ken mense wat al oorsee was!*
*Haar niggies in die stad gaan naweke fliek*
*en voor matriek sien sy hoe die eerste selfone lyk.*

*Ek klik met 'n muis die wêreld tot in my huis,*
*die web is my werf en Gumtree my boom.*
*Ek is deel van 'n boek waar mense hul gesigte*
*gedeeltelik ontsluier en klankloos klets en kuier.*
*Ek kan kennis onmiddellik op aanvraag verkry*
*en met 'n ieder en elk in verbinding bly.*
*Die moontlikhede is duisligwek-*
*kend GROOT en die wêreld het so*
*klein geword dit pas in die*
*twaalf vierkante*
*meter van my*
*kamer*
*in.*

*Alta Marincowitz*

2.1 Noem die drie geslagte wat in hierdie gedig vergelyk word. 1

2.2 Hoekom word die woord "speel", herhaal? 1

2.3 Hoe is daar in die eerste strofe kennis opgedoen? Haal een versreël aan as antwoord. 1

2.4 Waarvan het die vrou in strofe 2 gedroom? 1

2.5 Haal 'n voorbeeld van alliterasie uit strofe 3 aan. 1

2.6 Wat verteenwoordig die laaste vier versreëls in die gedig? 1

2.7 Vergelyk die "vryheid" wat die mense in strofe 1 en strofe 2 gehad het met die "vryheid" van die persoon in strofe 3. 2

2.8 Waarna word daar in reël 14 verwys? 1
[9]

Vraag 3: Susan Boyle (Kobus Grobler)

Susan Boyle

1 daar staan jy inskrywing 43212
2 voor die pilatusse van *Britain's got talent*
3 aangeja soos 'n skaap
4 misrabel vaal in die lig verguis
5 die monobrou en die kapsel raam
6 jou vertelsel van 'n klein Nasaret
7 Simon spot, skares jou uit:
8 Jy is die grap van die jaar

9 met die eerste woorde van *I dreamed a dream*
10 het jy vanuit vernederende vooroordeel
11 hulle en miljoene ander op YouTube
12 in ongeloof laat aanskou
13 hoe jy jare se troeteltalent
14 aan die hele wêreld skenk

*Kobus Grobler*

3.1 Vir watter kompetisie het Susan ingeskryf? Gee die naam. 1

3.2 Waarmee word Susan in stofe 1 vergelyk? Haal een woord aan as antwoord. 1

3.3 Pas die beeldspraak in KOLOM B by die voorbeelde in KOLOM A. Skryf net die nommer en letter neer.

| | |
|---|---|
| 3.3.1 "voor die pilatusse" | A. Personifikasie |
| 3.3.2 "aangeja soos 'n skaap" | B. Alliterasie |
| 3.3.3 "Simon spot, skares jou uit" | C. Metafoor |

| | |
|---|---|
| | D. Vergelyking |

3

3.4 Haal een versreël uit strofe 1 aan wat aandui wat die mense van Susan gedink het. 1

3.5 Watter liedjie het Susan gesing wat alles vir haar verander het? Gee die naam. 1

3.6 Haal twee opeenvolgende woorde uit strofe 2 aan wat vir ons sê dat die mense nie kon glo wat hulle sien nie. 1

3.7 Wat is die boodskap wat ons uit hierdie gedig moet haal? 1
[9]

Vraag 4: Die soetste kind (Philip de Vos)

Die soetste kind

Die soetste kind wat ooit daar was,
was Pieter Hendrik van der Plas.
Hy was sy hande, was sy voete,
skrop sy tande, skrop sy sproete.
Saans klim hy vroeg reeds in die bed,
eet ál sy vleis, maar nóóit die vet.
Eet broccoli, ja, sonder brom.
Kry 10 uit 10 vir elke som.
Sê nooit 'n enkele nare woord,
bly tjoepstil, soos 'n kind behoort.
Nooit kla of pla of kreun of steun hy;
nooit brom of grom of huil of ween hy.
Nóóit kruip hy in 'n donker kelder.
Sy hemp bly weke skoon en helder.
Sy broek bly sewe jaar lank heel.
Nóóit sou hy boelie, jok of steel.

En toe hy groot was, trou die ou
met juffrou Breggie van der Pouw.
Ses kinders het die twee gekry.
Dié dryf hul gou tot raserny.
Hul kla en pla, hul steun en kreun.
Hul brom en grom en tjank en ween.
Hul boelie almal, jok en steel.
Trek skewebek en vloek en neul
tot Pieter Hendrik van der Plas
wens al sy kinders moes verkas.
En hierdie storie wil graag toon:
Deug word nie altyddeur beloon.

Philip de Vos

4.1 Noem die rymskema wat in hierdie gedig voorkom. 1

4.2 Haal twee versreëls aan wat aandui dat Pieter Hendrik van der Plas as kind baie higiënies was. 1

4.3 Watter tipe groente eet Pieter sonder om te kla? 1

4.4 **“Nóóit kruip hy in ‘n donker kelder”**

Is ‘n voorbeeld van (‘n vergelyking/ metafoor/ personifikasie/ klanknabootsing).

Kies die korrekte antwoord en skryf dit dan neer. 1

4.5 Met wie het Pieter getrou? Gee die persoon se volle naam. 1

4.6 Hoeveel kinders het hulle gehad? 1

4.7 Haal een versreël aan wat vir ons sê dat hulle kinders baie stout was. 1

4.8 Wat het Pieter gewens moet met sy kinders gebeur? Haal vyf opeenvolgende woorde aan as antwoord. 1

4.9 Wat is die les wat ons uit hierdie gedig leer? 1
[9]

**TOTAAL: [35]**

**SOMTOTAAL: [70]**